DIE KOMMISSIE HERVAT 30 MEI 1990

CALLA BOTHA nog onder eed:

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. LUITINGH: Mnr. Botha, as 'n mens na u beëdigde verklaring kyk dan lyk dit dat toe u by Brixton weg is, het u by die weermag aangesluit, dit is nou die spe- siale magte aangesluit met die doel om in die binneland 'n eenheid te stig, is dit korrek? -- Dit is korrek.

Nou gedurende die verloop van die Kommissie is die term "maksimale ontwrigting van die vyand" deur verskeie persone gebruik en ek sien dat dit verskyn ook dan in u beëdigde verklaring, is dit korrek? -- Dit is korrek, hy is gebruik. Ek weet nie of hy in my verklaring ook staan nie, maar hy is gebruik.

Ja u verwys in u verklaring na mnr. Van Zyl se verklaring en hy gebruik dit en u sê u stem daarmee saam, maar u het ook op enkele geleenthede die term in u getuienis gebruik. -- Dit is korrek.

Nou, hierdie term is ook byvoorbeeld gebruik deur generaal Webb en mnr. Verster en wat maksimale ontwrigting betref en wat u betref sou die "maksimale ontwrigting" dan van toepassing gewees het in die binnelandse streek, want u het binnelands geopereer, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Nou die term maksimale ontwrigting, u het dit - het u dit by die kursus geleer, is dit korrek? -- Dit is korrek.

Kan ek u net vra het u nog u notas wat u by die kursus geneem het? -- Nee, ongelukkig nie.

U het skriftelike notas gekry by die kursus. -- Nee, ons het nie skriftelike notas gekry nie.

Het u nie lesings gekry daar nie? -- Ons het lesings gekry, maar daar was nie skriftelike notas afgeneem of saam

teruggeneem/..

teruggeneem vanaf die kursus nie.

Nou, die term "maksimale ontwrigting", daar is verskeie interpretasies daaraan gegee, maar het generaal Webb gister gesê dat hy stem saam met mnr. Bertelsmann, my kollega, dat dit beteken onder andere soos verduidelik in mnr. Van Zyl se beëdigde verklaring dat dit kon deur enigiets van 'n breek van 'n venster tot die doodmaak van 'n mens. -- Dit is korrek.

En wat u betref sou dit dan ook van toepassing gewees het vir u taak in die binneland? -- Dit is korrek.

Nou, ek wil net oorgaan tot aspekte van teiken. Generaal Webb het gister getuig dat daar het 'n stadium gekom waar hulle besluit het om Streek 6 te aktiveer en hy het gesê dat onder andere was een van die motiverings daarvoor dat die ANC het begin gebruik maak van blanke persone om hulle belange te bevorder. Stem u saam daarmee? -- Dit is korrek.

Is dit ook dan wat aan u verduidelik is by die kursus? -- Nee, ek sal nie sê dit is presies so verduidelik in die kursus nie, nee.

Is beginsels wat daarmee saamhang, dit is miskien nie die presiese woorde nie, maar was dit die beginsel dat - een van die beginsels liewer, laat ek dit nie as 'n hoofbeginsel stel nie. -- Ja, die ANC is nie gesien as 'n swart organisasie nie.

Miskien maak ek myself ... -- Sal ek sê swart, wat net uit swart lede bestaan het.

Juis, hy het gesê dat die klem verskuif het en dat as gevolg van die feit dat hulle begin gebruik maak het van blankes wat hulle belange dan sou bevorder, het hulle besluit onder andere om Streek 6 te aktiveer. -- Nee, dit is nie so gestel nie.

Het u, al was dit nie by die kursus gestel nie, het u in

besprekings/..

besprekings dit so verstaan met u kollegas? -- Dit is algemeen aanvaar dat die ANC bestaan uit blankes sowel as nie-blankes.

MNR. DU TOIT: Mnr. die Voorsitter, net voordat my kollega aangaan, die getuie het my gevra, ek het vergeet om vir u te vra, of hy maar sy baadjie kan uittrek? Hy sê dit is warm.

VOORSITTER: Ja, ja.

MNR. LUITINGH: Mnr. Botha, generaal Webb het gister ook gesê dat wanneer dit gekom het by eliminering van lede van die ANC dat die hoof van die weermag geken moes word. -- Ek sal nie daarop kan kommentaar lewer nie. Ek was gister nie hier nie.

Is u daarvan gesê, is dit in die kursus aan u gesê? -- Op kursus is daar gesê dat alle projekte deur hoër gesag goed- gekeur word.

Ons sal met die hoër gesag op 'n latere stadium handel. Behalwe nou die persone wat hier genoem is in die Kommissie, dit is Omar, Evans, Webster, Lubowski, kan u enige ander persone onthou ten opsigte waarvan daar 'n projek was, al was dit net monitering? -- Ja, ek kan.

Watter persone was hierdie? -- Bruce White.

Ja, en behalwe Bruce White? -- Ek het ook 'n naam ontvang, Frank Chikane.

En is dit die enigste ander persone? -- Wat ek van kennis dra. Wat op my van toepassing is.

Nee, maar dit is nie noodwendig wat op u van toepassing is nie, kyk u het met mnr. Van Zyl gewerk, nie waar nie? -- Dit is korrek.

By sy private onderneming wat dan as 'n front sou gedoen het en u was ook dan in die sel met hom gewees, is dit ... (tussenbei) -- Nee, dit is nie korrek nie.

Hoe het u met hom gewerk? -- Ek was glad nie deel van sy

privaat onderneming/..

privaat onderneming nie.

Het u hom redelik goed geken? -- Ek het hom redelik goed geken.

Het u geweet van ander projekte wat hy gedoen het? Ten opsigte van monitering nou, slegs monitering. -- Nee, ek het nie.

Het u dit ooit met hom bespreek? -- Nee, ons was nie veronderstel om die projekte met mekaar te bespreek nie.

Maar dit het julle tog gedoen? -- Met uitsonderinge.

U was nie by die Omar-projek betrokke nie, was u? -- Glad nie.

Maar hy sê, sover ek kan onthou, dat hy het u meegedeel van daardie projek. -- Dit is moontlik op 'n veel latere stadium. Ek kan nie nou my vinger daarop lê wanneer hy my meegedeel het nie.

Maar u dra kennis van die Omar-projek? -- Ek dra kennis dat daar 'n projek was.

U dra kennis dat daar 'n projek was? -- Ja, moontlik ten opsigte van hom.

Ek sal op 'n latere stadium terugkom na die projekaspek daarvan, ek wou net op hierdie stadium weet of daar ander persone is. Nou, sonder dat u uself enigsins inkrimineer of na u rol daarin verwys of u betrokkenheid daarin verwys, ten opsigte van Roskam was daar 'n goedgekeurde projek en ek wil nou glad nie hê dat u na uself moet verwys of u bydrae of wat ook al van u betrokkenheid nie, het u kennis gedra dat daar 'n goedgekeurde projek was van Roskam?

MNR. DU TOIT: Ek dink dat die getuie het duidelik aangedui dat hy nie bereid is om enige vrae oor die Roskam-geval te beantwoord nie, mnr. die Voorsitter, en is die getuie

geadviseer/..

geadviseer in daardie verband om van die privilegie gebruik te maak.

MR LUITINGH: This question might incriminate him, Mr Chairman, that is why I am asking ...

CHAIRMAN: Except if - I think as I understand the kind of objection which has been taken in the past, it is on the basis that it may lead to an inquiry, in other words if he knows, why did he know and may lead to a chain of enquiry, in that sense incriminate him. I thought it was in that ..

MR LUITINGH: It may be, Mr Chairman, but I ask him to consider this aspect at this particular junction because I am not asking about his - I am asking him whether - obviously members of the CCB, just as he knows about for instance the Omar project, which we accept for instance that he had no con- tribution towards it, I am not asking him to answer the question which can lead to his indictment or incriminate him in any way. I want to know whether as a member of the CCB as a structure he was aware of the fact that it was a project and I do not think that that in any way can incriminate him.

VOORSITTER: Wat sê u, mnr. Du Toit?

MR LUITINGH: And it is to his advantage, with respect Mr Chairman, if my learned friend will just be a little patient.

MNR. DU TOIT: Ongelukkig het u na my gekyk hoewel my geleerde vriend dit nie gesien het nie.

VOORSITTER: Ja-nee, wat sê u?

MNR. DU TOIT: Ek sê dat die getuie sal geen vrae wil antwoord wat met die Roskam-geval verband hou nie, dit sal ook insluit of dit deel was van die organisasie waarvan hy 'n lid was omdat selfs sy verbintenis aan die organisasie, en indien dit daarmee betrokke was, hom moontlik mag inkrimineer. Dit sal

duidelik/..

duidelik 'n antwoord wees op 'n vraag wat deel van 'n ketting kan uitmaak. Ons reg is baie duidelik, die getuie het 'n privilegie, mnr. die Voorsitter. Hy het geen plig om daardie vraag te antwoord nie.

VOORSITTER: Sê vir my wat het Van Zyl gesê oor die Roskam-geval?

MNR. DU TOIT: Nee, hy het geen woord daaroor ... (tussenbei)

VOORSITTER: Het Van Zyl niks vir u ... (tussenbei)

MNR. DU TOIT: Hy het niks daarmee te doene gehad hoegenaamd nie.

MR LUITINGH: In fact this is the only witness that has taken the stance regarding the Roskam incident.

CHAIRMAN: Ja, page 29.

MR LUITINGH: Mr Chairman, if I might just - I am sorry about this kind of tennis-ball debate here, but if my learned friend's objection is valid that would really in essence mean, if it was taken into its logical conclusion, that no member need give any evidence about any activity of the BSB which might incriminate him and that would take it so wide that it would almost nullify this inquiry, because if it is established that the BSB was involved, as it has been established, in certain conduct which might have been violent or criminal as an organisation and any member simply says I am a member of that organisation, it automatically is a link in the chain. The question is how close to the relevant act it is and I am not asking him to comment on that, in fact not at all, Mr Chairman. I am asking whether or not there was a project that he is aware of, a project, because I want to know whether or not it was a project or whether it was something on his own initiative.

CHAIRMAN/..

K75.9 - 2126 - BOTHA

CHAIRMAN: Well, you see that is the problem, if he says no, it

was not a project does that not incriminate him? By impli-cation that he himself was involved in the Roskam matter?

MR LUITINGH: No, Mr Chairman, because he says I am not saying anything about it.

CHAIRMAN: And what is the implication of that?

MR LUITINGH: Well, the vary fact that he has taken the (inaudible) on itself, that implication already stands. I am not asking him to go any further than to simply say I am taking the (inaudible). I am simply saying is it a project, if not, it is a project you are in the same position that you are in your affidavit.

CHAIRMAN: Well, let us do this step by step and see where we get.

Sonder om die ding vooruit te loop, sal u net - ek sal verkies as u die vraag antwoord, of daar 'n BSB - of u kennis dra van 'n BSB-projek om Roskam - u hoef nie te sê wat u weet nie, luister nou baie mooi: Dra u kennis van die feit dat die BSB 'n Roskam-projek gehad het? -- Mnr. die Voorsitter, met respek, gaan dit dan nou nie - ek verstaan wat u sê.

Ja. -- Maar gaan dit nie by implikasie beteken dat ek dan basies amper afstand doen van my swygreg nie?

Nee, nee, ons kan dit stuk vir stuk neem. Ek kan u verseker dat dit sal dit nie doen nie. Antwoord net daardie - ek sal bly wees as u net daardie enkele vraag wil antwoord? Of u weet of die BSB spesifiek 'n projek oor Roskam gehad het. -- U weet, dit is vir my 'n baie moeilike vraag om te antwoord, want ons het weens 'n moontlike ander rede wat mnr. Luitingh nie hier voorsien nie, het ons ook moontlik privilegie gepleit op dit, u weet, en ek sou verkies dat ...

U sê/..



U sê dit gaan u inkrimineer, u antwoord? -- Dit is korrek, ja.

MNR. DU TOIT: Mnr. die Voorsitter, ek wil net graag daarby voeg dat ek is van mening dat die vraag, omdat ek ook weet wat die antwoord is, hom wel sal inkrimineer en dit is op daardie basis wat ek adviseer dat hy die vraag nie antwoord nie en hom op die privilegie beroep.

MR LUITINGH: Mr Chairman, the worst case scenario, if this witness says yes, he is aware of a project, it cannot take the matter any further. The mere fact that he has knowledge of a project cannot incriminate him. I am simply asking him to say yes, I am aware of the fact that there was a project. That cannot incriminate him.

CHAIRMAN: No, I have asked him to answer the question. He says he is not going to answer the question.

MNR. DU TOIT: Mnr. die Voorsitter, kan ek net so sê dat sou die antwoord in die negatief gaan, dan gaan dit die getuie impliseer. So, na beide kante toe is die argument dat hy wel 'n privilegie het en dat hy die vraag nie behoort te antwoord nie.

MR LUITINGH: Mr Chairman, if he says no, he is in no worse position than he is with his covered affidavit before you. That is the problem.

CHAIRMAN: I take your point, but all I say is I have asked him and he said he is not going to answer the question.

MR LUITINGH: If I can just have one last shot at this, Mr Chairman. With respect, I think that there should be, there should be firmly based on the fact that it will incriminate him. If you are not satisfied that the answer either way is going to do any worse than it currently is or in fact even

gets/..



gets better for him, then he cannot rely on his privilege because ... (intervenes)

CHAIRMAN: You see, the problem is I cannot test the correct- ness of the claim. That is my only problem. Mr Du Toit says, and I have to accept if Mr Du Toit tells me, that the answer will amount to a waiver of the privilege because I cannot assess at this stage. That is my only problem I have. I would love to have the answer and I have asked the witness to answer the question.

MR LUITINGH: Mr Chairman, I am not asking for anything more, I am not limiting him to it, but at worst for him I am asking him for a yes or no answer. Yes will put him in a better position than he would be and no does not take him any further than he currently is and therefore, Mr Chairman, it does not affect his privilege.

CHAIRMAN: Yes, but then he is more or less invited to say yes because if we go beyond that ...

MR LUITINGH: Then we are where his affidavit is, Mr Chairman, and therefore it cannot affect him any more than the current status on his affidavit. We are not asking for any more than he is prepared to tell this court already on affidavit.

CHAIRMAN: But if the answer is no, what is then the position? That is what Mr Du Toit says.

MR LUITINGH: If the answer is no then the position is that he says I am not prepared to say I know there was no such project and I am not prepared to say anything about it and then the inference is no further than what he already says which is I am not prepared to say anything further about it.

CHAIRMAN: Yes, as I have said I have asked the witness to answer the question, Mr Luitingh.

MNR. LUITINGH/..



MNR. LUITINGH: Daar was na bewering, volgens u beëdigde verklaring, gerugte gewees dat Marius se winkel opgeblaas is omdat

daar 'n finansiële dispuut is tussen hom en die BSB, is dit korrek? -- Dit is korrek.

Daardie gerugte het u by die BSB gehoor? By lede van die BSB. -- Ja, dit is gerugte wat maar basis in die - kan ek die woord gebruik in die gange, fluistering in die gange.

By die BSB? -- Nee, ek sal nie sê by die BSB nie, tydens 'n koördineringsessie moontlik.

Met ander woorde deur lede van die BSB, want dit is waar u by die koördineringsessie sou wees, nie waar nie? -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Nee, die vraag - net om duidelikheid te kry hieroor, ek dink - daar is 'n koördineringsessie, nè? -- Dit is korrek, ja.

Wie is by so 'n koördineringsessie teenwoordig? -- BSB-lede.

Ja, maar onder die voorsitterskap van wie? -- Van die streeksbestuurder somtyds.

Nou goed, nou was daar so 'n geleentheid gewees. -- Dit is korrek.

Aanvaar ek. Nou is daar gesê by daardie geleentheid dat daar gerugte is dat Marius se winkel deur die BSB opgeblaas is of is daar gesê die BSB word - hulle dink dat die BSB dit gedoen het? -- Nee, dit was blote gerugte.

Wat hulle oorgedra het aan die vergadering of was dit hulle gerugte? -- Waaroor daar in die algemeen gepraat is, moontlik eie gerugte dan.

I am not quite sure that I understand it, but in any way.

MNR. LUITINGH: Kan u die geleentheid onthou, of vaagweg onthou/..



onthou? Dit hoef nie in detail ... (tussenbei) -- Vaagweg.

Wie was almal teenwoordig? U hoef nie almal te sê as u nie almal kan onthou nie. -- Dit is deel van die gedeelte wat ek nie

onthou nie. Ek is nie seker nie.

Wel, kan u enigiemand onthou? -- Moontlike lede van Streek 6?

Wel, dit moet dan Burger, Maree en Van Zyl wees, nie waar nie? -- Dit is moontlik.

So, onder hulle is gepraat. Kan u onthou wat hulle gesê het daaromtrent? -- Nee, ek kan ongelukkig nie onthou nie.

Het hulle gesê dat mense wat met die BSB sukkel gaan sulke gevolge hê? -- Nee, hulle het dit nie gesê nie.

Het hulle gesê dat - kan u enigiets omtrent die gerug onthou? -- Net dat dit 'n gerug was, dat die naam Marius ..

Het iemand die woord gerug gesê of het hulle daaroor gepraat? -- Nee, dit is die afleiding, die algemene afleiding wat daar gemaak was. Dit was bloot 'n gerug sonder enige feite.

Niemand het gepraat van 'n gerug nie? -- Nee, dit was 'n gerug. Dit was in die ... (tussenbei)

Niemand het gesê ek het 'n gerug gehoor nie? Hulle het daarvan gepraat. -- Dit is moontlik dat hulle gesê het ek het 'n gerug gehoor.

<u>VOORSITTER</u>: Nee, dit is 'n wesenlike verskil, ek dink is wat mnr. Luitingh en ek probeer vasstel. Daar is 'n wesenlike verskil tussen die volgende twee situasies. Ek sê vir u ek wonder of mnr. Verster nie Marius se winkel opgeblaas het nie en in daardie opsig versprei ek die gerug en ek spekuleer, u volg dit? Dit is anders as wanneer ek vir u sou sê goed, daar is mense wat sê dat Marius se winkel deur mnr. Verster

opgeblaas is/..



opgeblaas is. Ek dink ons wil net graag weet of u vir ons naastenby kan sê watter een van die twee die situasie was. -- Ek sou sê die eerste een.

Die eerste? -- Dit is reg.

MNR. LUITINGH: Is daar gespekuleer? -- Dit is korrek.

U het nie dalk gevra - kan u onthou wie gespekuleer het? -- Nee, ongelukkig nie.

Een van daardie twee? Dit kan nie baie moeilik wees nie, mnr. Botha. -- Ongelukkig met die tydsverloop daaraan gekoppel is dit vir my moeilik op hierdie stadium.

Het almal aan die bespreking deelgeneem? -- Ek kan nie sê nie.

Kan u onthou wie oorspronklik daaroor begin praat het of wil u nie meer onthou nie? -- Ek wil baie graag onthou, maar ongelukkig kan ek nie onthou nie.

Dit het verlede jaar gebeur? -- Dit is korrek.

En u kan nie meer onthou wie dit gesê het nie? -- Nee. Intussen - die tydsverloop tussen verlede jaar en nou het daar 'n aansienlike hoeveelheid goed gebeur met verskeie feite en daardie het ek gesien bloot as 'n gerug sonder enige feite.

Nee, ek sien dit in u beëdigde verklaring, maar die weergawe wat u gee is nie oortuigend nie. Ek kry die indruk, as ek u beëdigde verklaring lees dat u is besig om feite te weerhou en ek wil graag vir u vra om vir ons te sê waar het u die gerug gehoor en presies by wie en as u die geleentheid kan onthou dan dink ek behoort u ten minste te onthou wie daaroor gepraat het en ten minste wat daaroor gesê is of deel van wat daar gesê is, maar u kan niks onthou behalwe dat daar 'n gerug is nie en dit is nie oortuigend nie, mnr. Botha. -- Meneer, ek kan vir u verseker ek weerhou geen feite nie en die feit dat

ek sê/..



ek sê dit was 'n blote gerug, ek moet volstaan daarby onge- lukkig.

Maar dit bly nog onoortuigbaar. Mnr. Botha, hier is deur

van die regsverteenwoordigers geïnsinueer en ook is dit deur getuienis tot 'n sekere mate bevestig dat die weermag of dat daar 'n houding bestaan dat die enigste projekte, dit is nou behalwe vir mnr. Van Zyl en u, dat die enigste projekte wat goedgekeur is deur die weermag, dié van die bomaanval in die Kaap was en dié van Projek Apie was.

MNR. BURGER: Mnr. die Voorsitter, ek is jammer, die weermag het dit nie goedgekeur nie.

MNR. LUITINGH: Projekte wat nie net monitering ingesluit het nie.

MNR. BURGER: Dit is ook nie deur die weermag goedgekeur nie.

VOORSITTER: Ja, wat presies is u vraag?

MNR. LUITINGH: Laat ek dan dit so vir u stel, generaal Webb het gesê dat hy is nie bereid om oor daardie twee aspekte te getuig nie. Hy het verder gesê dat indien daar enige ander geweldsdade gepleeg is, behalwe nou vir daardie twee, wat hy nou nie oor wil kommentaar lewer nie, indien daar enige ander geweldsdade gepleeg is, dan was daar nie sulke projekte gewees nie. Wat is u kommentaar daarop? -- Ek moet volstaan by wat hy sê. Ek kan nie kommentaar lewer op dit nie.

Stem u saam daarmee? -- Ek kan nie kommentaar lewer op dit nie. Ek dra nie kennis van ander projekte nie en ten opsigte van die bomvoorval het ek gesê wil ek geen vrae beant- woord nie en ...

Nee, ons praat nie oor daardie twee nie. Ons praat uit die aard van die saak uit ander projekte.

VOORSITTER: Wat die advokaat dink ek by u wil weet is, ons

praat nou/..



praat nou nie van die bomvoorval en ons praat nou ook nie van Roskam nie, die ander projekte, dit maak nie saak wat se projek dit is nie, waarby u betrokke was, was dit alles projekte, goedgekeurde

projekte? -- Ek was nie by ander projekte betrokke nie.

MNR. LUITINGH: U is vertel van die Omar-projek? -- Op 'n baie laat stadium het ek gehoor daar is 'n projek. Wat die aard van die projek is kan ek nie sê nie.

Maar dit is nie wat mnr. Van Zyl sê nie. Hy sê dat hy u vertel het dat daar 'n projek vir die eliminering van Omar was. -- Nee, dit kan ek definitief nie onthou nie.

Praat hy nie die waarheid as hy dit sê nie? -- Ek kan nie onthou dat hy dit vir my gesê het nie.

Was u onder die indruk dat daar wel 'n projek was, dit gaan nie dat daar 'n projek was met betrekking tot Omar nie? -- Na aanleiding van wat hy gesê het, het hy gesê daar is 'n moontlike projek, sover ek kan onthou.

Al was dit nadat die projek afgeskaf was. Dit maak nie saak nie, al het hy vir u gister gesê, is u onder die indruk dat daar 'n projek vir die eliminering van Omar was, of u nou persoonlike kennis daarvan het of nie?

VOORSITTER: Ek dink ons moet darem - dit help nie om dit tot gister te neem nie. Ek dink ons moet dit 'n bietjie neem voor sy arres, voordat - ek dink dit sal beter wees.

MNR. LUITINGH: Tot voor die einde van verlede jaar. Was u op 'n stadium onder die indruk gebring dat daar 'n projek was in verband met die eliminering van Omar? -- Nee.

Al het u nie daaraan deelgeneem nie? -- Ek dra nie kennis van 'n projek waar daar 'n eliminering by betrokke is nie.

So, as Van Zyl dit sê dan praat hy nie die waarheid nie?

VOORSITTER/..



VOORSITTER: Nee.. -- Die antwoord wat ek gee is ek dra nie kennis van 'n projek waar daar eliminering by betrokke is nie.

MNR. LUITINGH: Maar wel vir monitering? -- Dit is korrek.

U sê u ken mnr. Van Zyl. -- Dit is korrek.

Hoe lank ken u hom? -- By my aansluiting by Brixton moord en roof het ek hom ontmoet.

Dit is 'n paar - 'n half dosyn jaar of meer? -- Nee, minder as dit.

Hoe lank is dit omtrent? -- '88, sedert '88 moontlik.

Dink u dat hy, soos u hom geken het, vanself 'n projek of self vir Omar sonder 'n projek sou laat elimineer het? Kan u kommentaar daarop lewer? -- Ek kan nie sien dat hy iets op eie inisiatief sal doen sonder dat daar 'n projek is nie.

Opdrag aan hom gegee is nie. U sien, en ek wil hê u moet - want ek wil nou net oor Bruce White, vir u vrae vra oor Bruce White. Dit blyk dat behalwe vir die gevalle wat ons nou genoem het, dit is nou die Apie-geval en die bomaanval waaroor die weermag niks wil sê nie, waaroor generaal Webb niks wil sê nie, was die gesindheid gister van generaal Webb dat indien daar enige ander geweldsdade gepleeg is, dat die individue - geweldsdade gepleeg is, dat die individue daarvoor verantwoor- delik is, met ander woorde tot sy wete is daar geen ander goedgekeurde, is daar geen goedgekeurde projekte, ons laat nou daardie twee gevalle uit. -- Ek dra nie kennis van ander goed- gekeurde geweldsdade ten opsigte van projekte nie.

Nou wil ek hê u moet baie versigtig wees hier en mnr. Botha indien u u advokaat se mening wil hê en u nie hierdie vraag nou wil antwoord nie, kan u maar sê dat u wil u advo- kaat, en ek sal laat u vir hom vra. Goed? -- Goed.

Indien daar getuienis geplaas is voor hierdie kommissie

wat bewys/..



wat bewys dat die rede vir die monitering van Bruce White was omdat julle hom wil doodmaak, sou dit 'n projek gewees het of sou dit

u eie inisiatief gewees het?

MNR. HATTINGH: Ek is nie bewus van sulke getuienis wat voor die kommissie geplaas is nie, mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Wie het dit gesê?

MR LUITINGH: I am putting it on the basis in any event on that evidence being put before this Commission because we have that evidence and I can call him back at a later stage. I would like him to comment at this stage on it.

CHAIRMAN: Just repeat the question.

MNR. LUITINGH: Indien daar getuienis voor die Kommissie was - kom ons begin, u sê u weet dat daar was 'n projek vir die monitering van Bruce White. -- Dit is korrek.

Nou wat ek vir u sê is indien daar getuienis voor die Kommissie geplaas is wat verder gaan en sê dat die doel vir die monitering van Bruce White was om hom dood te maak, wat is u kommentaar daarop? -- Dan sou ek nie kennis gedra het daar- van nie. My opdrag was uitsluitlik om hom te monitor.

Wie het hierdie opdrag gegee? -- Dit was tydens, weer eens tydens 'n koördineringsessie, u weet. Dit kon heel waar- skynlik van òf mnr. Burger òf mnr. Brits gegee gewees het.

Hoekom is die opdrag gegee om hom te monitor? -- Om inligting in te samel ten opsigte van mnr. White.

Maar waarom? -- Ek het nie dit gevra nie. My opdrag was om inligting in te samel en die naam Bruce White is aan my voorgegee.

Maar het jy nie gevra waarom moet ek hierdie man monitor nie? -- Ek het dit gesien as 'n opdrag op sigself. Ek moes 'n persoon by name Bruce White monitor met die doel om inligting

in te samel/..



in te samel rakende sy bedrywighede.

Maar wat ek nie kan verstaan, mnr. Botha, is dat ons is besig

om met 'n politieke opset te handel, nie waar nie? -- Dit is korrek.

So, uit die aard van die saak het jy aanvaar dat dit is om politieke redes dat jy die man monitor. -- Om moontlik te sien met wie hy skakel, korrek.

Is dit korrek? -- Dit is korrek.

So, indien u nou wil monitor dan moet u seer sekerlik, sekerlik moet u een of ander inligting van hom - omtrent die man hê om te weet waarom jy hom monitor. Is hy 'n lid van UDF, is hy 'n lid van die ANC, is hy lid van die Kommuniste Party, wat het die man gedoen. U het wat hom gaan monitor, het u nie gevra maar verskoon my, hoekom moet ek hierdie man monitor nie?

MNR. DU TOIT: Ek tel nou vier vrae in daardie - ek dink die getuie sal dit moeilik vind om te besluit watter een om te antwoord.

MNR. LUITINGH: Is u inligting gegee? -- Die naam Bruce White is vir my deurgegee en daar is gesê dat hy by 'n organisasie betrokke is.

Watter een? -- Die UDF.

Is hy by die UDF betrokke? -- Dit is korrek.

En waarvoor moes u kyk? -- Ek moes insameling van inligting rakende sy bedrywighede ... (tussenbei)

Oor watter periode van tyd? -- Nee, daar is nie 'n vasgestelde periode daaraan gekoppel nie.

Hoe sou u dit benader het? -- Hoe sou ek dit benader het?

Ja, om .. -- Om so gou as moontlik uitvoering aan die opdrag te gee wat die insameling van inligting aanbetref.

Wat het u toe/..



Wat het u toe gedoen daaromtrent? -- Ek het daadwerklik gegaan en probeer om inligting in te samel.

Oor drie dae, oor 'n periode van drie dae? -- Moontlik drie dae, ek is nie seker of dit drie dae is nie.

Dit is wat mnr. Barnard gesê het. -- Dit kon moontlik vier dae gewees het. Ek is nie seker of dit drie dae is nie.

Maar dit is agtereenvolgende dae? -- Nee, ek sou ook nie dit sê nie.

Stem u nie met Barnard saam as hy dit sê nie? -- Dit is nie wat ek sê nie. Ek sê dit kon moontlik wees dat daar op verskillende tye op verskillende dae 'n monitor-aksie teen mnr. White gehou is.

Maar dit is nie wat hy sê nie. Wat hy sê is dat julle vir drie agtereenvolgende dae ..

VOORSITTER: Maar die getuie sê dit mag anders wees. Dit is 'n eenvoudige antwoord.

MNR. LUITINGH: Maar ek wil dit aan hom stel dat hy kommentaar - dat hy vir drie agtereenvolgende dae op verskillende straat-hoeke gestaan het en hom gemonitor het. -- Nee, dit is moontlik. Ek sê mos dit is moontlik.

Maar is dit korrek? -- Dit kon moontlik vyf dae gewees het, dit kon moontlik vier dae gewees het. Ek is nie ... (tussenbei)

Maar u het op 'n straathoek gestaan en vir hom gemonitor? -- Korrek, heeltemal korrek.

En het u 'n verslag ingelewer? -- Ten opsigte van sy be-bedrywighede, ek kon ongelukkig niks vasstel nie.

Julle het vir vier of vyf dae daar gesit en niks gedoen nie, julle het geen inligting ingesamel nie. -- Nee, dit is wat u sê. Ek het gepoog om inligting in te samel gedurende

daardie/..



daardie vier dae.

Wat het u ingesamel?

VOORSITTER: Hy sê kon hy niks insamel nie.

MNR. LUITINGH: Wat het u ingesamel? -- Ongelukkig geen inlig-

ting op daardie stadium nie.

Geen inligting vir vier of vyf dae nie? -- Inligting kom nie noodwendig in die eerste vier dae nie. Dit mag moontlik oor 'n periode van vyf of ses dae strek of moontlik langer.

Maar in daardie vier dae het u geen inligting gekry nie? -- Dit is korrek.

Het u nie liewer gewag vir 'n geleentheid om hom te vermoor nie, mnr. Botha? -- Definitief nie, mnr. Luitingh.

VOORSITTER: Mnr. Luitingh, ek dink net u moet versigtig wees om sulke stellings aan 'n getuie te maak tensy u 'n feitebasis daarvoor het.

MNR. LUITINGH: Daar sal getuienis gelei word daaroor.

VOORSITTER: Maar stel dit aan die getuie. Wat stel u aan die getuie?

MNR. LUITINGH: Ek kan nie dit op hierdie stadium aan hom stel nie, ek sal dit op 'n latere stadium stel.

VOORSITTER: Mnr. Luitingh, u kan nie - wat ... (tussenbei)

MNR. LUITINGH: Ek sal ... (tussenbei)

VOORSITTER: Mnr. Luitingh, kan ek asseblief klaar praat?

MNR. LUITINGH: Ja, ja.

VOORSITTER: Wat het u vraag beteken, wat was die insinuasie van die vraag?

MNR. LUITINGH: Die vraag was ek het hom gevra wat het hy gedoen oor vyf dae. Hy sê hy het niks gedoen oor vyf dae nie, hy het gepoog om ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, ek praat nie daaroor nie, u weet watter

vraag/..



vraag.

MNR. LUITINGH: Ek vra vir hom hoekom het hy vyf dae daar vir die man gestaan en wag, hy sê want hy het gepoog om inligting, dit

maak nie sin uit, dat hy net daar staan en niks doen nie, toe sê ek was dit nie, na aanleiding van die getuienis wat gelei gaan word, was dit nie moontlik dat hy gewag het vir 'n geleentheid om die man te vermoor nie.

VOORSITTER: Maar wat is die getuienis wat gelei gaan word?

MNR. LUITINGH: Wel, hy het gesê nee. Die getuienis sal gelei word.

VOORSITTER: Ja, gaan maar aan.

MNR. LUITINGH: Mnr. die Voorsitter, die strekking van die getuienis sal wees dat daar aan hom - 'n getuie ... (tussenbei)

VOORSITTER: Dit moet u aan die getuie stel. Dit help nie om dit vir my te stel nie.

MNR. LUITINGH: Mnr. Botha, die strekking van die getuienis sal wees dat daar aan 'n getuie gestel is of gesê is dat die rede hoekom u en mnr. Ferdie Barnard vir Bruce White gemonitor het, is omdat u en mnr. Barnard hom wou doodmaak. -- Ek kan nie daarop kommentaar lewer nie. Wie sou dit gestel het, aan wie, ensovoorts.

MNR. DU TOIT: Mnr. die Voorsitter, is dit getuienis dat iemand vir iemand gesê het.

MR LUITINGH: I did not want to put the evidence, Mr Chairman.

CHAIRMAN: No, but you have not put any evidence.

MR LUITINGH: No, I am saying that a witness will come and testify that Mr Barnard has said to him ... (intervenes)

CHAIRMAN: That Mr Barnard has said it?

MR LUITINGH: That Mr Barnard has said.

CHAIRMAN: That you have not put to the witness.

MNR. LUITINGH:/...



MNR. LUITINGH: Dat mnr. Barnard gaan daardie getuienis gee, dat die rede hoekom u en hy, mnr. Barnard, mnr. White gemonitor

het, is omdat julle hom wou doodmaak. -- Kan ek u antwoord daarop?

Ja. -- Bruce White was my opdrag gewees vir monitor, so ek kan ongelukkig nie kommentaar lewer oor ander stellings wat daar gemaak is nie. Mnr. Barnard was saam met my gewees. Bruce White was my opdrag om hom te monitor, om inligting in te samel en ek volstaan daarby.

Kan u net vir my sê hoekom het u mnr. Barnard gevra om u by te staan? -- Weens 'n verskeidenheid van redes. Eerstens omdat dit baie opvallend is as een persoon op 'n straathoek staan, op een van die straathoeke staan en daarom het ek hom saamgeneem. Tweedens omdat ons vriende is. Ek het geen pro- bleem daarmee gesien nie.

Die eerste een as een persoon op 'n straathoek staan dan is dit opvallend. -- Nee, dit is wat u sê, ek sê nie dit is opvallend nie.

Nee, wat het u gesê? -- Ek het gesê dit is opvallend, jammer, as een persoon op 'n straathoek staan, ja.

En as twee daar staan? -- Is dit minder opvallend.

Vir u? -- Ek dink vir die algemene publiek.

U en mnr. Barnard is uit die aard van die saak twee rede- like groot kêrels, nie waar nie? -- Ek sou nie so sê nie, afhangende gemeet aan wat is die standaarde. (Gelag)

MNR. DU TOIT: Ek weet nie of die ondervraer homself as 'n vergelyking gebruik nie.

MNR. LUITINGH: Ek gebruik definitief nie mnr. Du Toit as 'n vergelyking nie. In elk geval, kom ons laat dit, die tweede rede is omdat julle vriende was. -- Dit is korrek.

Het /...



Het u ooit - daar is net een - het u aan mnr. Barnard enige

opdragte gegee in hierdie verband? -- Ten opsigte van mnr. White?

Ja. -- Nee.

Het julle ooit met iemand anders gepraat ten opsigte - veral nadat julle deur die polisie in die moeilikheid geraak het, het julle ooit met iemand anders gepraat oor die Bruce White-voorval wat u van weet? -- Watter persone?

VOORSITTER: Kan dit enigiemand wees?

MNR. LUITINGH: Enigiemand gepraat behalwe die polisie. -- Moontlik die streeksbestuurder, die koördineerder, dit kan moontlik wees.

VOORSITTER: Maar buite die organisasie?

MNR. LUITINGH: Buite die organisasie.

VOORSITTER: Het u met iemand .. -- Nie sover ek kan onthou nie.

MNR. LUITINGH: Wat was die rede wat julle op die ou einde toe gegee het vir hoekom - vir die polisie oor hoekom julle hom gemonitor het? -- Ons het 'n verduideliking verskaf dat ons 'n voertuig wou terugneem.

Sy voertuig wou terugneem? -- Nee, 'n voertuig wou terugneem.

En wie sou vir julle daardie opdrag gee om die voertuig terug te neem? -- Wie sou daardie inligting gee?

Ja - wel .. -- Of die opdrag ... (tussenbei)

Ja. -- Mnr. Smit - mnr. Barnard het dit gereël met 'n ander persoon.

Mnr. Willie Smit. -- Dit is korrek.

Van ACA Propsure? -- Dit is heeltemal korrek.

So, dit is met hom bespreek. -- Ek het dit nie met hom

bespreek/...



bespreek nie, mnr. Barnard het dit met hom bespreek.

Mnr. Barnard het dit met hom bespreek? -- Dit is korrek.

Weet u daarvan? -- Mnr. Barnard het vir my meegedeel dit

is die, kan ons sê verskoning wat hy gekry het vir ons teenwoordigheid daar.

En hy het uit die aard van die saak die ondersteuning vir die weergawe, het hy toe met mnr. Smit gereël? -- Hy moes. Dit is waar hy aan die inligting gekom het.

Een laaste aspek of amper laaste aspek, mnr. Botha, die vrywaring wat u na bewering sou gekry het of wat u gedink het u sou kry, dit is ook by die kursus aan u gestel, nie waar nie? -- Dit is korrek.

En mnr. Joe Verster het daarmee gehandel, nie waar nie? -- Dit kon moontlik hy gewees het.

Wel, dit was hy, was dit nie, want ek dink u het dit gesê in u beëdigde verklaring. -- Dit is moontlik.

Wel, kan u onthou wat u gesê het wie het met u gepraat oor die vrywaring? -- Dit is op die kursus bespreek en dit kon heel waarskynlik van mnr. Verster af gekom het.

VOORSITTER: Maar die vraag is - al wat die advokaat wil weet is kan u - daar is meerdere gelyke waarskynlikhede uit my oogpunt gesien, want daar was meerdere mense wat u toegespreek het, wat die advokaat wil weet is kan u onthou of dit mnr. Verster was of nie? -- Die logika sê vir my dit moes hy gewees het.

MNR. LUITINGH: Kan u onthou of mnr. Heiner u dalk toegespreek het daaroor? -- Nee, hy het ons nie toegespreek nie.

Want dit is duidelik dat daar ten minste 'n debat was daaroor, want dit was nie net iets wat vir julle gesê is nie. -- Nee, dit is korrek.

Daar/...



Daar was 'n debat, en dit is klaarblyklik ook belangrik, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Die rede daarvoor is dat julle kon opdragte gegeeword in

terme van die maksimale ontwrigting-konsep dat julle enigiets kon doen van die breek van 'n venster tot die vermoording van 'n persoon, is dit korrek? -- Dit is korrek.

So, die vrywaring is uit die aard van die saak baie belangrik. -- Dit is korrek.

En daar was sekere argumente voorgelê van hoekom julle gevrywaar sou word, nie waar nie? -- Dit is korrek.

En dat julle ook dan - julle is ook dan gesê hoe julle gevrywaar sal word. Dit sou uit die aard van die saak nie deur die Minister van Justisie en die prokureur-generaal gekom het nie, nie waar nie? -- Nee, ek kan nou nie op hierdie sta- dium sê of hulle presies gesê het hoe ons sou gevrywaar gewees het nie.

Maar seer sekerlik het u - mnr. Botha, dit is uit die aard van die saak belangrik, u kan 'n opdrag kry om iemand te gaan vermoor en u kan dalk vir moord aangekla word en is dit seker van die belangrikste aspekte wat by u sou moes opkom, hoe sou ek my aanspreeklikheid, my strafbare aanspreeklikheid ontduik. -- Soos ek sê ek is nie seker dat die presiese hoe daar bespreek is nie, net dat daar sou vrywaring wees.

Is daar van 'n geval gepraat waar die staatspresident byvoorbeeld 'n sertifikaat uitgereik het waar soldate nie aangekla moes word nie omdat dit landsveiligheid dalk in gedrang sou bring? -- Vra u of daar sulke gevalle was?

Of daar so 'n bespreking was. Kan u dit onthou? -- Nie sover ek dit nou kan onthou nie, nee.

Hoe is u gesê sou die vrywaring werk? -- Ek glo nie -

wel,/...



wel, ek kan nie onthou op hierdie stadium hoe dit - presies hoe dit sou werk nie.

U het gedink dat dit die staatspresident was wat u

vrywaring sou gee, nie waar nie? -- Ek kon moontlik so gedink het.

Hoekom het u so gedink?

VOORSITTER: Wel, die antwoord was ek het moontlik so gedink en dan is die vraag seker hoekom het u moontlik so gedink.

MNR. LUITINGH: Ja, hoekom het u moontlik so gedink? Wat was die ander opsies gewees, mnr. Botha? -- Ek kan nie sê, die ander opsies ... (tussenbei)

VOORSITTER: Het u dit oorweeg daardie tyd, mnr. Botha? -- Dat die staatspresident ... (tussenbei)

Nee, het u oorweeg - wat die advokaat vir u vra is het u destyds oorweeg wie die vrywaring sal gee, hoe die meganisme van vrywaring sou werk? -- Ek het dit nie - ek het net aanvaar dat daar sou vrywaring wees. Presies hoe dit sou werk, is ek nie seker nie.

MNR. LUITINGH: Wel, julle het ten minste gedebatteer hoekom julle gevrywaar sou word, nie waar nie? -- Dit is korrek.

En dit is om hierdie sogenaamde oorlogsituasie wat ont- staan het. -- Dit is korrek.

Is dit wat Joe Verster vir u gesê het? -- Dit het deel gevorm van die debat, die onderwerp wat u nou aangeroer het daar.

Ja, u wil sê alhoewel u die redes vir u vrywaring be- spreek het, kan u nou nie onthou hoe hierdie vrywaring sou bewerkstellig word nie, is dit wat u vir die Kommissie sê? -- Dit is korrek.

U kan nie enigiets onthou ten opsigte van hoe die

vrywaring/...



vrywaring sou werk nie, slegs dat daar vrywaring sou wees. -- Dit is korrek.

En u sê nou dat u voel u was miskien naïef om te voel dat die staatspresident daarby betrokke sal wees. -- Nee, dat hy kennis gedra het van die BSB.

Goed, dat hy kennis gedra het van die BSB. Toe daar ge- praat

is van hoër gesag, wat het u gedink? Is daar enige indikasie gegee van wat hoër gesag sou gewees het? -- Nee, daar is nie.

Het u sedert u laas getuig het - deur enige ander ad- vokate gekonsulteer behalwe u eie advokaat, behalwe nou mnr. Du Toit en sy junior? -- Gekonsulteer? Nee.

Gepraat? -- Moontlik gepraat.

Oor hierdie getuienis?

MNR. DU TOIT: Maar gesels, al sou hy, sou dit van enige belang wees vir die Kommissie se feitesending, mnr. die Voorsitter?

VOORSITTER: Ja, kom ons vra het u 'n ander advokaat gekonsulteer oor hierdie kommissie se werksaamhede en u getuienis? -- Nee.

MNR. LUITINGH: Dan net een laaste aspek, is dit korrek dat Acheson se naam is aan u gegee? -- Dit is korrek.

Deur wie? -- Deur Barnard.

Waarom? -- Omdat hy gevoel het dat die persoon moontlike toegang het tot Afrika-state weens sy paspoort

Maar u het binnelands gewerk, nie waar nie? -- Ja.

Al die projekte was binnelands. -- Dit is korrek.

Alles wat u gedoen het was binnelands. -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Ja, maar laat die getuie net eers klaar antwoord. -- Nie noodwendig vir my aanwending nie.

MNR. LUITINGH: Aan wie moes u hom verwys? -- Wel, ek het





gedink ek kan die persoon laat inskakel by binnelandse organisasies of affiliale van die ANC, ensovoorts.

Dat hy by die ANC kon aansoek doen? -- Nee, dat hy moontlik by sekere organisasies kon infiltreer en inligting aan my kon oordra.

Mnr. Acheson? -- Dit is korrek.

Dat hy inligting aan u kon oordra? -- Dit is korrek.

Wat het mnr. Barnard vir u gesê wat is mnr. Acheson se kwalifikasies? Waaroor dink hy is hy 'n geskikte persoon? -- Hy het net gesê dat hy by die ander magte al betrokke was en hy het nie verder daaroor uitgebrei nie.

Het hy vir u gesê dat hy 'n self-erkende "hitman" was? -- Nee, hy het dit nie gesê nie.

Het hy dit nie vir u gesê nie? -- Nee, hy het nie.

Indien hy dit sou geweet het dink u hy sou dit vir u moes gesê het? Is dit relevante inligting wat u moes hê? -- Ek sou nie so sê dat hy dit moes gesê het nie.

Ek het geen verdere vrae nie. (Gelag en geskerts in agtergrond.)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Mnr. Botha, is u bewus daarvan dat mnr. Staal Burger by - ek is nou nie seker of dit by een of meerdere geleenthede was nie - oorsee was? -- Dit is korrek.

In verband met sy betrokkenheid by die BSB? -- Dit is korrek.

Is u ook bewus daarvan dat mnr. Chappie Maree by verskeie geleenthede na Europese lande sowel as Afrika-state was? -- Nee, nie verskeie kere nie. Ek is nie bewus van verskeie kere wat hy ... (tussenbei)

Is u bewus van enkele kere? -- Enkele kere wat dit

verband/...



verband gehou het met die werk, ja.

Wat hy beide na 'n Europese land was en 'n Afrika-staat of -state? -- Ek is nie seker watter plekke het hy besoek nie.

Maar u is bewus daarvan dat hy buite die grense van die Republiek vertrek het in verband met BSB-bedrywighede? -- Dit is korrek.

Is dit nie so nie, mnr. Botha dat u opdrag as 'n lid van Streek

wes 6 was om inligting, hoofsaaklik inligting in te win, pyplyne te infiltreer om te kyk watter mense wat hier binnelands moontlik bedrywig kan wees met ondermynende bedry- wighede skakels het met persone buite die land? -- Ons moes ook inligting insamel rakende dit.

En op dié manier probeer vasstel met wie hierdie persone hier binnelands skakel in die buiteland? -- Dit was onder andere deel van ons werksaamhede.

Ek wil dit aan u stel, mnr. Botha dat u getuienis dat u hoofsaaklik binnelands gewelddadiglik moes optree nie korrek is nie. -- Dit is u stelling.

Stem u nie daarmee saam nie? -- Nee.

Wat u getuienis betref, wat die vrywaring betref in u getuienis het u verlede keer, in u hoofgetuienis, het u gesê dat u nou glo of 'n vermoede het, dat my vermoede ietwat naïef was en dat die hoër gesag waarskynlik verwys het na die voor- sitter van BSB naamlik generaal Joubert en later generaal Webb. Het u ooit in verband met u werksaamhede met generaal Webb skakeling gehad? -- Nee.

Ek dink u het gesê u het hom nooit ontmoet nie. -- Dit is korrek.

So, hy kon nooit vir u so iets gesê het nie? -- Nee.

Is dit moontlik dat u onder 'n misverstand kon verkeer

het/...



het in verband met hierdie aangeleentheid van vrywaring? -- Nee.

Dankie, mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Sê vir my, wanneer het u bewus geword van die feit dat generaal Webb die voorsitter van BSB is? -- Op 'n stadium is dit aan ons oorgedra nadat generaal Joubert die pos aan hom dan nou oorhandig het, as ek dit so kan stel.

GEEN VERDERE VRAE

MNR. McNALLY: Mnr. die Voorsitter, ek kan nie onthou dat dit ooit aan mnr. Barnard gestel was deur my geleerde kollega, mnr. Luitingh, dat hy aan 'n getuie sou erken het dat die doel van die monitering op Bruce White eintlik sy eliminasie was nie.

VOORSITTER: Nee, ek kan dit ook nie onthou nie.

MNR. LUITINGH: Mnr. die Voorsitter, ek het dit nie aan hom gestel nie. Op daardie stadium het ek nie die inligting gehad nie, maar in elk geval daar is verskeie aangeleenthede wat ons mnr. Barnard wil terugroep oor, ten opsigte van presies daardie aspek. Ek het dit ook aan sy advokaat gestel en wanneer al die getuienis wat ons het beskikbaar is, sal ek dit dan ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, ons sal net eers graag die getuienis wil sien dat ons ... (tussenbei)

MNR. LUITINGH: Maar ek het dit nie aan hom gestel nie, maar mettertyd wil ek hom terugroep en dit aan hom stel.

BESPREKING VOLG OOR WANNEER MNR. BARNARD TERUGGEROEP SAL WORD.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 4 JUNIE 1990.